LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

05-02-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 4 VIR 2018

1 **ATLETIEK: DONDERDAG, 8 FEBRUARIE 2018**

- Die skool verdaag Donderdag om 13:00. Ons atletiekbyeenkoms is tuis teen Vryheidsmonument en Suikerbos. Byeenkoms begin 14:00. Atlete wat deelneem, sal briewe ontvang.

ATLETIEK: SATERDAG, 10 FEBRUARIE 2018

- Die atletiekbyeenkoms is te DP De Villiers stadion teen 10 skole. Byeenkoms begin 07:30 tot 17:00. Atlete wat deelneem, sal briewe ontvang.

2 **BL VERKIESING:**

Ons BL verkiesing vind vanjaar plaas op 1 Maart 2018 om 18:00 in die saal. Dit is 'n baie belangrike verkiesing en ons versoek elke ouer om die datum te dagboek. 'n Beheerliggaam speel 'n baie groot rol in ons toekoms en uitleef van ons visie. Ons het die afgelope paar termyne skitterende Beheerliggame gehad, wat die skool na nuwe hoogtes geneem het met hul betrokkenheid en visie.

Pligte en verantwoordelikhede van die Beheerliggaam sluit die volgende in:

- Bywoon van departementele vergaderings, kursusse en opleiding
- Fondsinsamelingsprojekte
- Invordering van skoolgelde en die bestuur daarvan
- Ouerbetrokkenheid
- Veiligheid van die skool, leerders en personeel
- Aanbied van projekte
- Werwing en aanstel van kwaliteit onderwysers
- Ondersteuning aan die onderwyser/personeel om hul take te verrig

3 **SWEM**:

Daar is swemoefening op Dinsdag, 14:00 - 15:00 en Donderdag, 15:00 - 16:00 by die Hoërskool se swembad.
Datums van swemgala:
7 Febr te St. Dominic's skool; 14 Febr; 21 Febr; 28 Febr; 7 Maart - Interlaer.

4 **REDENAARS**:

Baie dankie vir u kind se bereidwilligheid om aan die skoolredenaars deel te neem. Ons gaan die grade in sessies indeel. Hou asb. by die tye:

6 Februarie 2018 - Juniors:	Graad 1 - stiptelik 17:30
	Graad 2 - ± 18:15
	Graad 3 - ± 19:15
7 Februarie 2018 - Seniors:	Graad 4-5 - stiptelik 17:30
	Graad 6-7 - ± 18:45

5 **STOEIKLUB**:

Stoei is baie goeie sport wat help met ontwikkeling van stamina, balans en krag en is 'n aanwins vir sportsoorte soos rugby, netbal en hokkie. Kom stoei saam by Heidelberg Stoeiklub op Dinsdae en Donderdagaande tussen 18:00 en 20:00.
Ons oefen by die muurbalbane en rugbyveld van die Weermag. Ons is buigsaam en wil u graag akkomodeer. Kontak gerus vir meer inligting. Phillip 072 421 3230 of Atwie 083 522 8601
heidelbergstoeiklub@gmail.com

6 **FONDSINSAMELING:**

Laer Volkskool se Beheerliggaam het 'n groot fondsinsameling vir Kwartaal 1 en 2. Daar word 'n 2018 VW Vivo 1.4 Conseptline uitgeloot saam met Hoër Volkskool tennisspan en NTT Volkswagen. Trekking van pryse word met die Wildsfees, 2 Junie gedoen. Die karretjie is die 1ste prys. Die kind wat die meeste boekies/kaartjies verkoop kry R1 000; die gesin wat die meeste verkoop, wen gratis skoolgeld vir 2 kinders en die klas wat wen kry 'n uitstappie. Om die leerders aan te moedig, is daar pryse wat deurlopend uitgedeel gaan word: Vir elke R300 wat inbetaal word - mag hulle die volgende dag, gewone klere aantrek; Vir elke R500 wat inbetaal word - kry die kind 'n snoepie bewys; en so herhaal dit.
Elke leerder het reeds 'n genommerde boekie met 10 kaartjies in ter waarde van R1 000 ontvang. U as ouer bly verantwoordelik daarvoor. Indien u boekie verlore raak, gaan u skoolfonds rekening daarmee gehef word.
'n Volgende boekie word slegs uitgereik indien die vorige een se geld ten volle vereffen is.
Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018

7 **VOLKIE VERE KLEREWINKEL:**

Ons is geleë op die terrein vir u gerief! Gedurende skooltyd, kan ouers net by ontvangs aanmeld. Werkende ouers se kinders kan gedurende pouse gehelp word om dit vir u so gerieflik moontlik te maak. Tref asb. net vroegtydig 'n reëling met Heléne.

BESIGHEIDSURE:	
Maandae tot Donderdae	07:15 tot 13:45
Vrydae	07:15 tot 13:00
Skoolvakansies en Openbare vakansiedae	Gesluit
Na-ure en skoolvakansie diens	Reël met Heléne by 0832852481

- Ons het kaartmasjien fasiliteite beskikbaar; kontant of EFT kan gebruik word.
- Elektroniese oorbetaling: (bring asb. u bewys saam)
  ABSA Heidelberg
  Reknaam: Volkskool Skoolfonds
  Reknommer: 500940034
  Takkode: 334143
  Verwysingsnommer: (**Volkie Vere + u kind se naam en graad)**

8 **VALENTYNSDAG**:

Leerders kan Woensdag, 14 Februarie gewone klere aantrek om Valentynsdag te vier. Die koste beloop R10. Betaal dit asb. in by die registeronderwysers. Daar sal klein geskenkies te koop wees vanaf 7 Februarie 2018.

9 **SKAAK**:

- Beginners oefen vanaf 15:00 - 15:45, in Juf. Ronelle Terblanche se klas.
- Juniors en Seniors (leerders wat reeds kan skaak speel) oefen 16:00 - 17:00, ook in Juf. Ronelle Terblanche se klas.
- Die Volkie Ope toernooi van Vrydag, 9 Februarie word uitgestel tot latere kennisgewing. Ons wil graag vir ons beginners ook 'n kans gee.
- ***Datums van belang:***
  * 24 Februarie - Individuele toernooi te Midvaal
  * 17 Maart - Finale
  * 26 Mei - Gauteng Individuele toernooi
  * 21 April - Liga
  * 27 -28 Julie - Finale
- Belangstellende spelers is welkom om by die Heidelberg Skaakklub aan te sluit. Hulle tye is Vrydae vanaf 18:00 tot 20:00 te Hoër Volkskool. Vir verdere navrae kontak vir Sonika Coetzee - 0849525843.
- ***Klub-datums van belang: (datums is onderhewig aan veranderinge)***
  * 23 Februarie; 23 Maart; 20 April; 25 Mei; 22 Junie; 20 Julie; 24 Augustus; 28 Septemter; 26 Oktober; 23 November

10 **RUGBY**:

- Die rugby-oefening begin op 19 Februarie vir 0/8 tot 0/13 seuns op Laer Volkskool se velde.
- Tye is as volg:
  Op Maandae en Woensdae oefen 0/8 vanaf 17:00 - 18:00.
  Op Maandae , Dinsdae en Donderdae oefen die onderstaande groepe:
  - 0/9 - 14:00 - 15:00
  - 0/10 - 14:45 - 15:45
  - 0/11 - 15:30 - 16:30
  - 2de span groep: 16:15 - 17:15
  - 1ste span: 17:00 - 18:00
- Ondersteun asb. ons Pa en seundag by Loftus. Gelde kan nog net tot 23 Februarie inbetaal word.
- **Ons benodig dringend Pappa's wat bereid sal wees om te help met afrigting by ons 0/8 (graad 2) rugbygroep. Kontak asb. die skool. Die pa's wat belangstel sal Woensdag, 7 Februarie om 17:00 vergader op die rugbyveld. Baie dankie dat ons op u ondersteuning kan staatmaak.**

11 **TENNIS**:

Die Gr 1-2 leerders wat tennis neem by oom Jack begin Woensdag, 7 Februarie 2018. Juf Lizelle sal julle op 13:00 afneem na die baan. Bring asb. julle Volkiedrag en tekkies saam skooltoe. Julle mag eers 2de pouse aantrek vir die tennis. Gr 3's begin ook die week soos gereël deur oom Jack Fenwick. Vir verdere navrae kontak hom by 0834227081.

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF